

# St. Pieter van Tarantaise

## 8 Mei

(1102-1175)

Gebore in die Dauphine-streek van Frankryk tree hy op 20-jarige ouderdom in by die Cisterciënserklooster van Bonnevaux. Later word hy word aangestel as die eerste ab van Tamie in die Tarantaise gebergte, tussen Geneve en Savoje. Daar bou hy 'n rushuis vir reisigers. Teen sy wil word hy aangestel as aartsbiskop van Tarantaise. Hy wy homself egter met hart en siel toe aan sy bisdom en deur sy voorbeeld verbeter hy die geestelike lewe van die priesters, kloosterlinge en gelowiges. Sy hartsbegeerte bly egter om die lewe van 'n eenvoudige Cisterciënser-monnik te lei en op 'n dag verdwyn hy uit sy bisdom. Hy word 'n hele ruk daarna gevind waar hy as lekebroeder in 'n Switserse klooster geleef het. Onder druk keer hy terug en hervat sy biskoplike pligte. Hy was die vertroueling van etlike konings en pouse, maar dit was sy nederigheid en diep geloof en sterk gebedslewe wat almal opgeval het wat hom ontmoet het

© Die Oratorium Uitgewery